



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 31 OKTOBER 2019 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

McQuire, V D (DA)

Mfutwana, L E (EFF)

O'Kennedy, E C (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Ds Jacobus Snyders van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Swartland Moedergemeente, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere en raadsdames, raadslede en amptenare. 'n Spesiale woord van verwelkoming wat gerig aan munisipale amptenare wat sertifikate ontvang vir die suksesvolle voltooiing van water en afvalwater leerlingskappe.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H Papers.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

**3.1 OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE: WATER EN AFVALWATER LEERLINGSKAPPE**

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem dat die voltooiing van die leerlingskappe in water- en afvalwaterbestuur belangrik is vir vordering op hierdie terrein.

Die volgende amptenare het die kursusse suksesvol voltooi en word sertifikate deur die Munisipale Bestuurder aan hulle oorhandig:

3.1/...

NQF Vlak-2

Jeremy Lee Adams  
Wilbur Oswald Ruiters

NQF Vlak-4

Emile Basson  
Stefaans Faro  
Fundile Mbongo

NQF Vlak-5

Ernest Peter Alexander  
Wilfred Stephen Barendse  
Randall Marshall Jenneke (afwesig)

**VIR KENNISNAME****3.2 BEKENDSTELLING VAN DIE 16 DAE AKTIVISME VELDTOG TEEN GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS: 25 NOVEMBER TOT 10 DESEMBER**

Die Speaker gee geleentheid aan rdd M S I Goliath om die bekendstelling te doen van die Veldtog teen Geweld teen Vroue en Kinders. Rdd Goliath noem dat sy graag ook geweld teen Mans en Seuns by die veldtog toevoeg.

Rdd Goliath versoek dat die wit lintjie wat aan raadslede uitgedeel is, gedra moet word gedurende die periode 25 November tot 10 Desember ter ondersteuning van die veldtog. Deur die dra van die wit lintjie word die belofte gemaak dat geweld nie teen enigeen gepleeg sal word nie – 'n kers word deur rdd Goliath aangesteek as simboliek van die belofte.

Rdl F S Humphreys, namens die ANC, noem dat die veldtog ondersteun word en doen 'n beroep dat die belofte daagliks in die werkplek toegepas sal word.

**VIR KENNISNAME****4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING****4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 29 AUGUSTUS 2019****BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Augustus 2019 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER****BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 AUGUSTUS 2019, saamgelees met NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 14 AUGUSTUS 2019****5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 18 SEPTEMBER 2019, saamgelees met NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2019****6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Besluit/...

6./...

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 6.1 **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 30 JULIE 2019**
- 6.2 **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 27 AUGUSTUS 2019**

**7. SAKE VIR BESPREKING****7.1 AFBAKENING VAN WYKE 2019/2020 VIR DOELEINDES VAN DIE 2021 PLAASLIKE REGERINGVERKIESINGS (15/1/1; 17/17/1/1)**

Die Munisipale Afbakeningsraad is reeds sedert Junie 2019 besig om bewusmaking-sessies te hou in voorbereiding vir die 2021 Plaaslike Regeringverkiesing. Omsendbrief 2/2019, soos met die sakelys gesirkuleer, is ontvang om plaaslike owerhede op datum te bring met die wyksafbakeningsproses.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word

- (a) van die inhoud van Omsendbrief 2/2019 van die Munisipale Afbakeningsraad rakende die beplande program vir die munisipale wyksafbakeningsproses;
- (b) dat die aantal wyke en raadslede vir die Munisipaliteit onveranderd bly vir doeleindes van die 2021 munisipale verkiesings.

**7.2 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE (11/1/3/1/7; 5/15/1/3)**

Munisipaliteite word ingevolge artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) verplig om 'n ouditkomitee aan te stel wat as onafhanklike adviserende liggaam dien.

Verder word daar ingevolge MFMA Omsendbrief 65 aanbeveel dat lede van die ouditkomitee op 'n gereelde basis roteer ten einde die onafhanklikheid van die ouditkomitee te verseker.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, met inagneming van die samestelling van die bestaande komitee ten opsigte van vaardighede, mnr G N Lawrence met ingang van 1 November 2019 op die Prestasie- en Risiko Ouditkomitee vir drie (3) jaar aangestel word. Dat goedkeuring verleen word dat die aanstelling ooreenkomstig die vergoedingstarief soos bepaal deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 19 Junie 2019 gedoen word;
- (b) Dat die aanstelling van me M Roos en mnr C B de Jager as lede van die Prestasie-Ouditkomitee onderskeidelik verleng word vanaf 1 Januarie 2020 tot 31 Augustus 2020 en 31 Desember 2020 soos voorgeskryf in artikel 14(2)(a) van Plaaslike Regering: Munisipale Beplanning en Prestasiebestuursregulasies van 24 Augustus 2001;
- (c) Dat verdere goedkeuring verleen word dat mnr G N Lawrence ook op die Prestasie-Ouditkomitee aangestel word en daarop sal dien vir die periode 1 November 2019 tot 31 Desember 2020.

7.3/...

### 7.3 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ERWE 6055 EN 9967, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

Die Munisipaliteit verhuur sedert 2007 en 2013 onderskeidelik Erf 6055 (groot 1585 m<sup>2</sup>) en Erf 9967 (groot 708 m<sup>2</sup>) aan *Siphumeze Educare Centre*. Beide die eiendomme is as Gemeenskapsone 1 gesoneer en Vroeë Kinderontwikkelingsfasiliteite is deur die huurder op die eiendomme aangebring.

*Siphumeze Educare Centre* het die Munisipaliteit in kennis gestel dat hulle begerig is om die twee eiendomme vanaf die Raad aan te koop.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdl O M Semele, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat Erf 6055 (groot ± 1585 m<sup>2</sup>) in Tshwetestraat, Malmesbury en Erf 9967 (groot ± 708 m<sup>2</sup>) in Holomisastraat, Malmesbury uit-die-hand uit aan die *Siphumeze Educare Centre* vervreem word, en wel teen R7 925,00 (Erf 6055) en R2 793,00 (Erf 9967), BTW uitgesluit;
- (b) Dat kennis geneem word dat die voormelde eiendomme in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig was of word nie, deurdat dit uit die staanspoor as Gemeenskapsone 1 geormerk en gesoneer is;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
  - (i) Die *Siphumeze Educare Centre* as nie-winsgewende instelling reeds vir etlike jare die kindersorgfasiliteite op die eiendomme met sukses bedryf, en gevolglik geag word in staat te wees om die fasiliteite volhoubaar te kan bedryf;
  - (ii) Die beskikbaarstelling van die grond op hierdie wyse 'n prioriteitsbehoefte (aan kindersorg en opvoeding) in die gemeenskap sal bevredig, en die Raad as sulks beslag gee aan sy grondwetlike oogmerk om sosiale ontwikkeling te bevorder.
- (d) Dat die oordrag van Erf 9967 egter daaraan onderhewig sal wees dat die fasiliteite tot bevrediging van die Munisipaliteit bewys lewer dat dit voldoen aan die vereistes van die Kinderwet, Wet 38 van 2005, en ook aan alle toepaslike bou- en brandveiligheidsvereistes;
- (e) Die koper verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksies mag voortspuit, waaronder advertensie- en oordragskoste;
- (f) Dat die voorgename transaksies in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
- (g) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, skriftelike bevestiging van die aansoeker bekom word dat daar ingestem word tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag;
- (h) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om die terme van die kooporeenkomste te finaliseer in ooreenstemming met die *Municipal Asset Transfer Regulations*.

[Nota: Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en rdl O M Semele verlaat die raadsvergadering om 10:55 soos vooraf gereël met die Speaker.]

#### 7.4 **VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN GEDEELTES VAN ERF 327, 1530 EN 4932, MALMESBURY (15/3/1; 12/2/5/2-8/7)**

Mnr F J E Roux, die eienaar van *Constantia Lintels CC*, 'n fabriek wat lateie vervaardig vanaf erf 7677, Malmesbury het oor die jare met die uitbreiding van die besigheid op aangrensende munisipale eiendomme oorskry. Die verbeterings op munisipale eiendom sluit vaste strukture en 'n betongrensmuur in.

Rdl D B Philander, namens die ANC, noem dat lg. nie gekant is teen die ekonomiese aktiwiteit wat onwettig geskep is nie, maar moet daarteen gewaak word om nie 'n presedent te skep met die beskikbaarstelling van die grond aan mnr Roux nie.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die risiko's verbonde aan 'n uitgerekte hofspraak vir beide mnr Roux en die Munisipaliteit, onder andere, kan 40 werksgeleenthede verlore gaan indien 'n uitgerekte hofspraak die volhoubaarheid van die fabriek bedreig.

Die Munisipale Bestuurder verwys daarna dat die verbeterings deur mnr Roux op munisipale eiendom meer as R200 000.00 beloop, synde die limiet van die bevoegdheid van die Landdroshof. Om die aangeleentheid dus na die Hooggeregshof te neem gaan groot kostes vir sowel die Munisipaliteit as Mnr Roux inhou.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl C Daniels)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat gedeeltes van erwe 327, 1530 en 4932, Malmesbury ( $\pm 2756 \text{ m}^2$  groot) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan Mnr F J E Roux vir konsolidasie met Erf 7677, Malmesbury, en wel ten bedrae van R500,00/m<sup>2</sup>, BTW uitgesluit;
- (b) Dat kennis geneem word dat gemelde grond nie benodig word vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste nie, en gevolglik as surplus beskou kan word;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
  - (i) Die betrokke grond as 'nie-bestaanbare bate' kwalifiseer deurdat dit, as synde reeds beboud, effektief nie vir enige ander doel aangewend kan word as bloot vir konsolidasie met Erf 7677 nie;
  - (ii) Die kommersiële gebruik van die grond aansluit by Strategiese Doelwit 3 van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik om ekonomiese geleenthede te ontsluit, mobiliteit en ekonomiese skakels te verstewig en om die ekonomiese potensiaal van Swartland-wyke (in hierdie geval wyk 7) te fasiliteer;
  - (iii) Die werksgeleenthede wat uit die ontwikkelde grond voortspruit as voordelig geag word vir die betrokke gemeenskap, en dit nie in die beste belang van die Munisipaliteit of die gemeenskap in die algemeen sal wees om 'n mededingende proses te volg nie;
- (d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
  - (i) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkoste en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksaansoeke (opmeting, onderverdeling, hersonering, konsolidasie, ens);
  - (ii) Die koper die presiese posisie van die bestaande munisipale hoofrioollyn wat die eiendom kruis op sy koste deur 'n landmeter laat opmeet en toesien tot die registrasie van 'n 3 meter wye serwituut oor die rioolpyp wat vrye toegang vir die Munisipaliteit tot die rioolpyp verleen en die aanbring van permanente strukture binne die serwituutarea beperk;
  - (iii) Die Munisipaliteit deur die koper vrygestel word van enige eise om skadevergoeding wat mag voortspruit uit die bedryf en onderhoud van die betrokke rioolpyp;
  - (iv) Die koper die Munisipaliteit vrywaar van enige moontlike eis wat ingestel mag word teen die Munisipaliteit as gevolg van die ligging van die eiendom en/of konstruksie binne die 1 : 100 jaar vloedlyn van die Dieprivier;

7.4(d)/...

- (v) Die koper aanspreeklik sal wees vir water- en rioolaansluitings en die betaling van die toepaslike aansluitingsfooie, asook vir die betaling van werklike kostes vir 'n elektrisiteitsaansluiting, afhangende van die elektrisiteits-kapasiteit wat benodig word;
  - (vi) Daar van die raadsprokureur se dienste gebruik gemaak word om die verkoopoooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;
  - (vii) Die bestaande en enige toekomstige ontwikkeling op die gekonsolideerde grond sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruikspareters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
  - (f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die koper bekom word dat hy tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;
  - (g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopoooreenkoms te mag finaliseer en onderteken, en om tersaaklike teikendatums as opskortende voorwaardes te mag koppel.

## 7.5 **VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME (SAKEPERSEEL) TE DARLING (12/2/B)**

Swartland Munisipaliteit beskik oor vakante besigheidsperssele in Darling wat beskikbaar is vir vervreemding. Dit word voorgestel dat die erwe deur 'n proses van openbare mededinging van die hand gesit word, en wel deur die vra van finansiële aanbiedinge.

Rdl A M Sneewe noem dat die besigheidsperssele nie bekostigbaar is vir die benadeelde groep nie, en doen rdl D B Philander 'n beroep op die Raad op besigheidsgeleenthede te skep vir dié groep.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendomme in Darling:
  - Erf 4205, Bloekomboomlaan (± 425m<sup>2</sup> groot)
  - Erf 4254, Bloekomboomlaan (± 536m<sup>2</sup> groot)
  - Erf 4279, Bloekomboomlaan (± 482m<sup>2</sup> groot)
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as besigheidsperssele geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme vasgestel word soos volg, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:
  - Erf 4205: R169 600,00
  - Erf 4254: R187 600,00
  - Erf 4279: R192 800,00

(d)/...

7.5/...

- (d) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
  - die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates;
- (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;
- (e) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat dieselfde opskortende voorwaardes wat in die koopooorenkoms vervat staan te word, op gemelde kopers van toepassing gemaak word.

## 7.6 **VOORGESTELDE VERHURING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE 35 VAN PLAAS 560 YZERFONTEIN, GELEë TE YZERFONTEIN-HAWE (12/2/B)**

Gedeelte 35 van Plaas 560 Yzerfontein (groot 1001 m<sup>2</sup>), geleë in die Yzerfontein-hawe is uitstekend geleë vir die skeep van toerisme-/ontspanningsaktiwiteite.

Die betrokke gedeelte grond is die eiendom van Swartland Munisipaliteit en daar word voorgestel dat ontwikkelingsvoorstelle per openbare tender uitgenooi word. Omrede die suksesvolle tenderaar moontlik 'n groot kapitale uitleg sal hê, word verder voorgestel dat die termyn van huur op tien jaar vasgestel word.

Op versoek van rdl D B Philander dat toerisme getransformeer moet word om nie slegs sekere groepe te bevoordeel nie, bevestig die Speaker dat die Raad tans in proses is om die toerismemodel te hersien en dat daar gefokus sal word op transformasie en om toerisme te diversifiseer.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die verhuring van Gedeelte 35 van Plaas 560 Yzerfontein, groot 1001 m<sup>2</sup> (soos aangetoon op Aanhangel A tot die verslag), welke ontwikkelingsvoorstelle binne die parameters van Besigheidsone I moet wees asook ter bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en toerisme;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die termyn van huur op tien jaar vasgestel word om die huuropsie lewensvatbaar te maak vir voornemende beleggers, met die opsie van hernuwing van die huuroorenkoms op voorwaardes soos ooreengekom te word tussen die partye binne ses maande voor verstryking van die huuroorenkoms;
- (d) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Munisipale Bestuurder
- om in samewerking met die Raad se waardeerders 'n billike en markverwante huur te bepaal as reserwe huurgeld;
  - om te besluit of die mededingende bodproses 'n een- of twee-fase bodproses sal behels;
  - om, indien die twee-fase bodproses gevolg word, 'n komitee aan te wys om die ontwikkelingsvoorstelle in die eerste fase te oorweeg;

7.6(d)/...

- (ii) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om te handel met enige besware wat teen die voorgenome verhuring van die eiendom ontvang mag word, asook om die hoogste monetêre aanbod te oorweeg vir aanvaarding al dan nie;
  - (iii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die tenderkriteria en voorwaardes van verhuur te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;
- (e) Dat die voorgenome verhuring van bogemelde eiendom in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar;
- (f) Dat die ontwikkelingsvoorstel wat aanvaar word, ook vir kommentaar geadverteer word, en die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om ook daarmee te handel alvorens 'n huurooreenkoms gesluit word.

#### **7.7 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52, MFMA): JULIE TOT SEPTEMBER 2019 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003, MFMA).

[Nota: Die Speaker reël dat 'n boete aan rdh B J Stanley uitgereik word vir gebruik van sy selfoon gedurende die raadsvergadering en versoek die Speaker dat rdh Stanley die raadsvergadering verlaat.]

Rdl N S Zatu verneem, met verwysing daarna dat die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC)-vergadering van Dinsdag, 29 Oktober 2019 uitgestel is weens 'n gebrek aan 'n kworum, of die Raad die Artikel 52 MFMA-verslag kan aanvaar sonder dat die MPAC geleentheid gehad het om sy oorsigrol te vervul.

Rdl Zatu teken beswaar aan dat die MPAC, sedert die bedanking van rdl Fortuin, nie oor 'n voorsitter beskik nie.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die vestiging van die MPAC deur 'n omsendbrief gereël word. Die aanvaarding van die Artikel 52 MFMA-verslag is egter 'n wetlike vereiste waaraan ingevolge die MFMA voldoen moet word. Die wetlike vereiste geniet dus voorrang bo die versoek ingevolge die omsendbrief en kan die Raad nie anders as om die Artikel 52 MFMA-verslag te aanvaar nie.

Rdl F S Humphreys teken beswaar aan dat die Raad die Artikel 52 MFMA-verslag aanvaar sonder dat die MPAC die nodige oorsigrol vervul het.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdd M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 September 2019.

#### **7.8 WYSIGING VAN (1) GOP- EN BEGROTINGSKEDULE EN (2) 2020 VERGADERINGSKEDULE (2/1/4/4/1; 3/4/2/1)**

Die GOP- en Begrotingskedule en die 2020-vergaderingskedule is onderskeidelik op 29 Augustus 2019 deur die Raad goedgekeur, met 'n mandaat aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die Raad in kennis te stel indien enige wysigings aan die skedules na konsultasie met rolspelers genoodsaak word.

Die gewysigde GOP- en Begrotingskedule en die 2020-vergaderingskedule is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...



7.8/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesecondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

- (a) Dat die gewysigde tydskedule vir die 3de hersiening van die 2017-2022 GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word;
- (b) Dat die Provinsiale Tesourie en die Departement van Plaaslike Regering van afskrifte van die gewysigde tydskedule voorsien word;
- (c) Dat die gewysigde vergaderingskedule vir 2020 aanvaar word;
- (d) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;
- (e) Dat die gewysigde vergaderingskedule aan die Weskus Distrikmunisipaliteit, SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

Die Speaker, met die laaste raadsvergadering van 2019, bedank alle partye vir die harde werk gedurende die jaar en wens raadslede en amptenare 'n geseënde Feesgety toe.

**GETEKEN:  
SPEAKER**